Net 'n hand vol stories slaag

DANIE MARAIS

Twist – Short Stories Inspired by Tabloid Headlines.
Saamgestel deur Ceridwen Morris en Helen Moffett.
Oshun Books (Struik).
R129.95.

"Literature is news that stays news" is 'n stelling uit die bekende modernis Ezra Pound se *ABC of Reading* (1934) wat steeds water hou. Dié maatstaf is veral van toepassing op die kortverhaal, wat vanweë sy kompakte vorm nader aan 'n koerantberig is as die roman of die drama.

Twist is 'n bloemlesing waarin die spanning tussen die pulp van sensasie-joernalistiek en die literêre genre van die kortverhaal sentraal is. Van ons voorste plaaslike vroueskrywers en 'n fris opkomende nuwe stemme is gevra om egte of uitgedinkte, maar tipiese opskrifte uit poniekoerante as inspirasie vir 'n vertelling te gebruik. In Suid-Afrika, waar die makabere alledaagse werklikhede dikwels onrusbarend herinner aan die aangedikte melodrama van die geel pers, is dié tema besonder relevant.

Die ironiese omslag speel visueel met die konsep van die bundel. Dale Halvorsen se gebruik van die snertroman as ontwerp en die oordrewe verbasing van die vrou op die omslagfoto voel gepas in die raar-maar-waar-chaos van ons onstuimige land. Die bundel-idee is goed, maar die verhale van wisselvallige gehalte.

Petra Müller se "Last eland of the mountain" is een van die hoogtepunte. Dié sensitiewe vertelling oor die gespanne vriendskap van 'n wit vrou met Floors Louw en Rooi-Rosa, 'n bergie en sy vrou, wat teen die hange van Tafelberg in 'n verlate pomphuis 'n tentatiewe tuiste gevind het, word verweef met die lot van 'n laaste eland aan die stadsrand. Müller verwoord iets van die essensiële magteloosheid van die bevoorregte verteller en die weerlose mense en diere wat saam met haar vasgevang is in 'n meedoenlose mensgemaakte wêreld. "Not all of us can afford goodness," sê een van die karakters.

In Müller se verhaal en twee ander geslaagde verhale, Rachelle Greeff se "Romeo mounts crane" en Nella Freund se "Duck hunters shoot angel", word Afrikaanse woorde effektief gebruik om in die Engelse tekste 'n eg Afrikaanse leefwêreld op te roep. In dié twee verhale is dit veral fyn detail wat die vertellings oortuigend maak. Greeff se verhaal belig die arm stedelike werklikheid van die permanente bewoners van Stywe Lyne, 'n woonwapark, en Freund se roerende verhaal verken 'n kind se gevoelens en verwarring ná sy ma se dood in 'n plaas-milieu.

Ander uitsonderlike verhale is Sindiwe Magona se "Man lands on the moon", Jo-Anne Richards se "My face belongs to a killer", Amanda Gersh se "Idi Amin will get you", Ceridwen Dovey se "Man abandons wife to charging rhino", Marita van der Vyver se "Show me your garbage and I'll tell you who you are" en Gabeba Baderoon se "Sleepless woman meets ghost".

In die beste kortverhale voel die leser of hy/sy op die beslissende oomblikke deur die sleutelgat van een of twee karakters se lewe loer en saam met hulle die kern van hul dilemma of 'n draaipunt belewe. Dikwels word ook iets van die tydsgees en die uitwerking van die spanninge in Suid-Afrika op individue verwoord – die verhaal van Jo-Anne Richards gebruik 'n baie oorspronklike, emosioneel oortuigende invalshoek op die frustrasie van landsburgers met die hopeloos oneffektiewe burokrasie van binnelandse sake.

Die meeste van die res van die verhale is egter middelmatig en ondanks knap skryfwerk eenvoudig vergeetbaar. Etlike vertellings met potensiaal word gepootjie deur onbevredigende slotte wat die verhale net te netjies afrond, of tot 'n onoortuigende krisis dwing. In Joanne Fedler se "Hitler one of history's sexiest men, poll finds" word 'n geloofwaardige karakterskets van 'n gefrustreerde weduwee deur die sielkundig oorvereenvoudigende lesbiese droom in die slot bederf. Alexandra Smith se "Hell erups, blood stains" is 'n interessante storie met 'n oorspronklike verhaalstruktuur. Ongelukkig dring die struktuur hom aan die effe stomp slot van die storie op. Haar konfrontasie met Jan (nou Yin) Venter, 'n man wat skuil van 'n bloedige apartheid-verlede, bly oppervlakkig. Venter se karakterisering is te ongenuanseerd om die storie literêre gravitas te gee.

'n Paar verhale moes liefs gebly het. Mish Damstra se "I felt alienated: midget murderess confesses" is uiteindelik 'n skets wat as koerantrubriek sou kon slaag, maar die digtheid van 'n literêre teks kort. Pier Myburgh se "Snip snap" herinner aan Roald Dahl se kortverhale, maar val plat. Die storie van 'n wraaksugtige man wat deur sy verraderlike beste vriend en ontroue vrou omgepraat is om 'n vasektomie te ondergaan, eindig met die onvergeeflike slotsin: "I know I have the balls to do it."

Met Oshun se konsep skort niks, maar ongelukkig is die meeste bydraes nie nuus wat nuus sal bly nie. 'n Goeie kortverhaal trek vir 'n spesifieke plek, tyd en drama 'n vel aan en blaas asem daarin. Soos op 'n goeie foto, sê die Britse skrywer William Boyd, sien 'n mens in die kortverhaal meer van die lewe as in die naakte, oorweldigende werklikheid. In *Twist* voldoen net 'n handvol verhale aan dié hoë verwagting.

■ **Danie Marais is 'n digter en het pas die Eugène Marais-**